# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (37/20)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 11 September 2020*

***"Our world is not divided by race, color, gender or religion. Our world is divided into wise people and fools. And fools divide themselves by race, color, gender and religion" Nelson Mandela***

## SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

Soos verwag is die Suid-Afrikaanse ekonomie sleg deur die Corona Virus geraak, met die seisoen aangepaste en jaarlikse BBP wat in die tweede kwartaal van 2020 met 51% gedaal het. Soos die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) beklemtoon, was landbou die enigste positiewe bydraer tot die BBP met 'n toename van 15,1% van kwartaal een tot kwartaal twee van 2020 en 'n bydrae van 0,3 persentasie punte tot die totale BBP. BFAP het die landbousyfer verder afgebreek - en beskou die verdeelde bruto produksiewaarde (BPW) per bedryf uit syfers wat deur DALRRD opgestel is. Die BPW in elke subsektor vir kwartaal twee in 2020 word met kwartaal twee in 2019 vergelyk.

BPW van diereprodukte het met 1% op 'n jaar grondslag gedaal – 'n daling van 13% in beesvleis en 10% in varkvleis. Pluimvee was anders en het met 7% toegeneem. Akkerbou gewasse het 'n toename van 30% in BPW vergeleke met kwartaal twee van 2019. Mielies het die grootste bydrae tot akkerbou gewasse gelewer - en het 'n toename van 31% beleef. Sojabone het met 55% toegeneem, en katoen met 97%. Tuinboukundige gewasse het met 17% op 'n jaargrondslag verbeter - ondersteun deur 'n 38% toename op jaarbasis in die BPW van sitrusprodukte. Die uitvoervolumes vir kwartaal twee het met 33% vir lemoene toegeneem, 43% vir sagte sitrus en 44% vir suurlemoene. Sommige van hierdie toenames kan te wyte wees aan die tydsberekening, omdat die oeste vroeër as 2019 was, maar dit is ook te wyte aan 'n algehele toename in volumes (2019 was 'n laer produksiejaar). Pryse was ook hoër as gevolg van plaaslike en internasionale aanvraag na vitamien C in die lig van COVID-19. Die volledige verslag is beskikbaar op www.bfap.co.za

## BAIE GELUK

Die CGA wens Fhumulani Ratshitanga baie geluk met die geboorte van haar seun - Mpfariseni. Ons wens jou en jou seun gesondheid en geluk toe, en bedank jou vir jou leiding in jou posisie as uitvoerende hoof van Fruit South Africa.

Ons verwelkom ook vir Modipadi Setumo by Fruit South Africa - as die bestuurder van bedryfsake. Met die vroeë geboorte van Mpfariseni, het Modipadi op vol spoed weggetrek en bestuur die sake van FSA, terwyl Fhumulani met kraamverlof is.

## GEPAK EN VERSKEEP

Daar is aanpassings gemaak aan die voorspellings van finale volumes vir suurlemoene en Valencias om dit in ooreenstemming te kry met dit wat werklik tot op datum gepak is. Dit beteken dat die voorspelling nou ongeveer 2% meer as die oorspronklike skatting in Maart is. Die voorspelde finale volumes is nou binne 3% van die oorspronklike skatting vir alle sitrus-subsektore, met die uitsondering van pomelo's (7% onder die skatting).

In 2018 het die langtermynprojeksies uitvoere van 2,2 miljoen ton teen 2020 getoon, met die jongste projeksie op 2,19 miljoen ton - die bedryf is op pad na daardie merk. Dit plaas die bedryf op teiken met 2,5 miljoen ton teen 2024.

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde week 36 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2018** | **2019** | **2020** | **2019** | **2020** | **2020** | **2020** | **2019** |
| Pomelo's | 19.7 m | 16.1 m | 15.4 m | 14.8 m | 14.3 m | 16.7 m | 15.6 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 15.7 m | 17.8 m | 22.7 m | 16.3 m | 21.4 m | 23.3 m | 23.6 m | 18.2 m |
| Suurlemoene | 19 m | 21.3 m | 28.4 m | 18.5 m | 23.7 m | 26.4 m | **28.8 m** | 22.1 m |
| Nawels | 26.4 m | 23.7 m | 25.9 m | 21.1 m | 23 m | 26.5 m | 26 m | 24.3 m |
| Valencias | 42.8 m | 39.4 m | 46.7 m | 30.9 m | 35.9 m | 50.4 m | **51.9 m** | 46.8 m |
| **Totaal** | **123.6 m** | **118.3 m** | **139.1 m** | **101.5 m** | **118.3 m** | **143.3 m** | **145.9 m** | **127.5 m** |